# Goeie Nuus

Maandblad van die
Ned Geref Kerk Meyerspark
Jaargang 20 Nommer 2
Maart 2023

## Wie is Rikus Blom

"Wie is ek?" "Wat doen ek?"
Hierdie is die vrae wat tannie Karien gevra het ek moet antwoord wanneer ek myself aan Meyerspark Gemeente voorstel. Vreemd genoeg is hierdie dieselfde vraag wat ek vir myself elke oggend vra wanneer ek vir die duisendste keer opsoek is na my verlore sleutels (om dit natuurlik net in die broeksak van die vorige dag se klere te vind). Genadiglik vra en beantwoord ek hierdie vrae vanuit 'n baie meer positiewe noot in hierdie skrywe.

As ek my kinderdae met 'n paar woorde kon opsom sou dit waarskynlik met die volgende woorde wees: geloof, familie, vriende, diere, "skiet-skiet", boomklim en oorgroot weermagstewels.

Daar is drie goue drade wat deur die meeste van hierdie herinneringe van my kinderdae loop. Die eerste is die tyd wat ek saam met my familie, my pa, ma, en ouer broer en suster kon spandeer. As familie was ons altyd na aan mekaar en het gereeld 'n familie-bordspeletjie en kaartspeelkompetisie gehou. Die beste herinnering van my familie is die Sondae wat ons saam in NG Kerk de Bruinpark in Ermelo kon sit, my pa op die punt en my ma langs hom besig om kougom of pepermente aan te stuur vir elkeen van ons.

Die tweede goue draad is die vriende wat ek in my vormingsjare gehad het. Mens sou baie selde my en my vriende binnenshuis gevind het as ons by mekaar was. Dikwels, gekleë in ons pa's se oorgroot weermag-uniforms, sou ons in Ermelo se strate rondgekruip het en ons verbeel het dat ons besig was om teen terroriste in die Midde-Ooste te veg.

Buite skoolverband is die meeste van my grootste vriendskappe gevorm langs die meer by Genesaret Kampterrein of later by Kruisrivier Kampterrein. Hier het ons van vroeg af geleer om nie net ons geloof uit te leef nie, maar ook dat dit moontlik is om van ons geloofsreis daadwerklik 'n avontuur te maak.

**Die derde goue draad wat ook saam met die ander twee loop is die kerk. Vir my was die kerk as kind en tiener werklik 'n tuiste. Nie slegs die gebou nie, maar ook die mense wat saam met ons daar was, wat vir ons kategese aangebied het en saam met ons gaan kamp het.**

**My ouers, en saam met hulle die breër geloofsfamilie het van vroeg af vir my geleer en gewys dat God aan die stuur is van my lewe. Dit is steeds vir my 'n voorreg om te kan sê dat hierdie wete my tot vandag toe bybly en my ook gelei het na 'n lewe van diensbaarheid, een waarin 'n groot fokus is om seker te maak dat alle jongmense ook in 'n opbouende en liefdevolle geloofsfamilie kan grootword.**

**Vandag is my familie ook groter, my meisie, Catherine en ek is nou al vir twee jaar "saam". In hierdie tyd het sy, en ook haar gesin, baie diep in my hart gekruip en werklik kosbaar vir my geraak. Ek twyfel nie dat hulle ook in die toekoms wettiglik my familie gaan word nie. (Want troumateriaal soos my geliefde Catherine is nêrens anders te vinde nie).**


**So ook het ek nou 'n nuwe geloofsfamilie gevind by Meyerspark Gemeente. Ek het al die voorreg gehad om 'n klomp van die gemeentelede te ontmoet en ek is elke keer met ope arms ontvang. Ek kan nie wag om ook die res van die familie te leer ken nie!**

## Hoe kan 'n mens leer om meer dankbaar te wees?

OP ENIGE OOMBLIK IN JOU DAG AS JY VOEL DINGE RAAK BUITE BEHEER – JY IS DALK KWAAD, JY RAAK BANG – PLANT JOU VOETE OP DIE GROND, RAAK RUSTIG, EN VRA JOUSELF WAT IS DAAR OP DAARDIE OOMBLIK WAARVOOR JY DANKBAAR KAN WEES. SPAN JOU SINTUIE IN EN VRA JOUSELF: WAT IS DAAR WAT EK NOU KAN SIEN, HOOR, VOEL OF PROE OM VOOR DANKBAAR TE WEES. DALK IS DIT IETS KLEIN. DALK IS DIT LETTERLIK DIE KLERE AAN JOU LYF. LUISTER NA DIE GELUIDE IN JOU HUIS – DALK IS DIT DIE GELUID VAN DIE WIND, 'N VOËLTJIE. OF DALK RUIK JY IETS LEKKER; DALK SIT JY NABY AAN IEMAND VIR WIE JY LIEF IS: 'N VRIEND, JOU KIND, 'N EGGENOOT, OF DALK 'N KOLLEGA – WEES DAARVOOR DANKBAAR.

DANKBAARHEID IS IETS WAT JY DAAGLIKS MOET OEFEN – JY MOET VAN JOU KANT AF WERK OM DIT TE KWEEK. MOENIE WAG TOT DIE EINDE VAN DIE DAG OM 'N DANKBAARHEIDSLYSIE OP TE STEL NIE. DOEN DIT SOMMER NOU. VRA JOUSELF: WAT KAN EK OP HIERDIE OOMBLIK SIEN, HOOR, RUIK, VOEL OF PROE WAARVOOR EK DANKBAAR KAN WEES?

# *Kom lees lekker saam*



Covid het gekom en "gegaan". Daar is Eskom en al die oneindige beurtkrag.Tussendeur gebeur daar ook 'n magdom ander dinge wat dringend en ontstellend kan wees, Daar is egter ook mense se persoonlike nood, werkloosheid, depressie, egskeiding, onmin ensovoorts.

Soms help dit om 'n boek te lees om oplossings vir jou probleme te vind. By ons gemeente se Mediasentrum bied ons boeke en DVD's wat kan help maar ook gesonde leesgenot kan bied. Voorbeelde hiervan is:

- Kreatiwiteit laat jou wondere verrig - **Kobus Neethling**
- The Rewired Brain - Free yourself of negative behaviours and release your best self - **Dr Ski Chilton**
- 'n Tyd vir Opbou: Herbou jou gebroke wêreld - **Gordon Macdonald DVD's**
- Lewe deur geloof. 31 Boustene vir geestelike groei - **Braam Hanekom**
- Run Baby Run. The Life Story of Nicky Cruz. (Van 'n lewe onder die invloed van dwelms, geweld en misdaad na 'n lewe in diens van Jesus Christus).
- A letter to Dad "Truly this is an inspirational movie that demonstrates God's desire for healthy relationships between a father and his son."

Kom maak 'n draai en ontdek ook al die ander skatte!

- Isabel Ballot-

# Nuus van die Vrouebediening

Hoe het die eerste twee maande van 2023 nie by ons verbygevlieg nie! Nou staan ons aan die vooraand van herfs – kom ons maak tyd vir "bymekaar wees" – met vriende, familie en sommer met jou naaste bure. Wees BLY en wees GELUKKIG. Helen Keller het gesê:
"Geluk is om 'n ruiker te maak van dié blomme wat jy kan bykom."
Psalm 37:4: Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
Romeine 15:13: Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees

**Neem my HANDE, maak hul sterk – diensbaar in U goeie werk (Lied 308:2)**



Lys van bestuurslede vir 2023:
Loïs Geldenhuys, Karien Claassens, Anita van Vuuren, Anita Kapp, Ansie Smit, Beryl de Koning (admin hulp), Christa le Roux, Elize Deale, Elmarie en Riëtte Thompson, Elréne von Abo, Gina Saayman, Ina Mullins, Leria Delport, Luzett Visser, Madeleine Swart, Margaret Koekemoer, Magda Riekert, Mariska Terblans, Minnie Haasbroek, Ria Bernardo, Roelien Muller, Rothea Lourens, Susanne Smit, Tersia Petzer en Tina Jansen van Rensburg.

## UITREIKAKSIES vir 2023

Die Vrouebediening beplan om nog vir hierdie jaar weer ons uitreikaksies na kinders in spesiale skole voort te sit. Verlede jaar se projek was 'n reuse sukses, danksy die wonderlike ondersteuning van gemeentelede en vriende!

Die **INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS** bestaan uit vier skole vir spesiale onderwys, wat jare gelede deur, onder andere, die drie Afrikaanse Susterskerke gestig is. Dit is nou 'n geregistreerde organisasie sonder winsoogmerk NPO 001-597. Die vier skole in Pretoria is: Transoranje Skool vir Dowes, Prinshof Skool vir Siggestremdes, Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid en Sonitusskool vir Gehoorgestremdes.
Met hul leuse van "Footprints of HOPE" is hulle al vir dekades besig om aan kinders met spesiale behoeftes, gespesialiseerde onderrig te gee.
Ons nooi almal wat graag 'n bydrae wil lewer om aan hierdie projek deel te neem.

## Vrouebediening Vervolg

- Brei- en hekelwerk: Musse en serpe vir laerskoolleerders (6-12 jaar) – donkerblou (navy) vir skool en bont vir ontspanningsdrag.
- Musse, serpe, troetelkombersies of diertjies vir kleuters (3-6 jaar)
- Toiletbenodigdhede soos waslappies, klein buisies tandepasta en koekies wasseep.
- Kontantbydraes hiervoor is ook baie welkom.
- Vir direkte inbetalings:



NG Gemeente Meyerspark, ABSA bank,
Taknommer: 632-005,
Rekeningnommer: 070 580 470.
Verwysing: PROJEKTE



- Vir enige navrae, skakel asseblief met een van ons bestuurslede en hou ook weekliks die Basuin dop vir verdere inligting.
- Skenkings kan asseblief by die kerkkantoor afgelewer word, verkieslik vóór die einde van April.

Soos verlede jaar, kan ons nie wag om die uitstekende handewerk van ons medewerkers te ontvang nie, en daarom sê ons sommer nou al






# TENDENSE TEN OPSIGTE VAN DIE VERVOLGING VAN CHRISTENE IN AFRIKA

Die 2023 weergawe van die Geopende Deure se Wêreld Waarnemingslys van die top 50 lande waar dit moeilik is om 'n Christen te wees is op 18 Januarie 2023 uitgereik.

In die lys het verskeie onrusbarende tendense in Afrika te voorskyn gekom en 'n paar onlangse voorvalle illustreer hierdie stelling:

- minstens 17 mense is dood en sowat 20 beseer in 'n bomaanval by 'n kerk in die Noord-Kivu-provinsie in die Demokratiese Republiek van die Kongo
- sowat 50 vroue is tydens twee insidente in Burkina Faso ontvoer
- nog 'n kerkleier is brutaal doodgemaak in Niger-staat, Nigerië, terwyl verskeie aanbidders in Katsina-staat ontvoer is.

Verder berig Geopende Deure: Nigerië toon die hoogste vlakke van vervolging, waar Fulani, Boko Haram, die Islamitiese Staat Wes-Afrika Provinsie (ISWAP) en ander soortgelyke Islam-militante groepe strooptogte op Christen-gemeenskappe uitvoer, asook ander voorvalle van moorde, verminkings, verkragtings en ontvoerings vir 'n losprys of seksuele slawerny.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd

Geweld is slegs 'n deel van die prentjie, met die steeds toenemende Islamisering wat druk op talle Christene in hul alledaagse lewens plaas. Nigerië se regering hou aan om te ontken dat dit godsdienstige vervolging is, so die skending van Christene se regte gaan ongestraf voort.

Godsdienstig gemotiveerde moorde in Nigerië het toegeneem vanaf 4,650 verlede jaar (2022) tot 5,014 - 'n verbysterende 89% van die internasionale totaal. Honderdduisende meer is tot interne ontworteling gedwing of het vlugtelinge geword. Vanjaar het die geweld ook oorgespoel na die suide van Nigerië, wat 'n Christen-meerderheid het.

Jihadistiese geweld word 'n alledaagse verskynsel regoor sub-Sahara Afrika, met 26 lande in die streek wat beduidende vlakke van vervolging toon. Die Islamitiese terreurveldtog in die streek word aangevuur deur 'n dodelike mengsel van mensehandel, veranderinge aan die politieke klimaat en 'n instroming van huursoldate vanaf die skaduagtige Kremlin-ondersteunde Wagner Groep.

Bid saam met talle Christene wêreldwyd dat hierdie onrusbarende tendens van terreur deur militante Islamgroepe in Afrika gestuit sal word.

